



KOSHUISREËLS

C.M. JOOSTEHUIS KOSHUISSTRUKTUUR

Superintendent:	Mev. A. Klink (Skoolhoof): Sekondêre Skool Telefoon: 4474681 / 4476761
Koshuiskomitee:	Beheerliggaam; VRL-ouers
Senior Huismoeder:	Verantwoordelik vir die fisiese versorging van die dogters.
Koshuisouers:	In beheer van toesigkragte en die doen en late van die leerders.

1. KLOKTYE

Opstaan	06:00
Inspeksie: VRL	06:25-06:35
Stilte	06:30-06:40
Ontbyt	06:45
Ontruim koshuis (Die deur sluit.)	07:20
Skoolklok	07:25
Middagete	13:45
Stilte	14:00-16:00
Besoektyd	15:00-17:00
Aandete	18:15
Studie	18:45-21:00
Stilte	21:45-22:00
Ligte-uit	22:00

Laatstudie

Na 22:00 kan huiswerk verder in die studiesaal afgehandel word.

Vrydag

Aandete: 17:30 Almal wat inbly, **moet** hierdie ete bywoon.

Saterdag

Opstaan	08:00
Ontbyt	08:30
Studie	09:00-11:00 (Eksamentye)
Middagete	12:30
Stilte	13:00-15:00

Besoektyd	14:30-17:00
Aandete	17:00
Ligte-uit	23:00 – soos gereël met toesigkrag

Sondag

Opstaan	07:30
Ontbyt	08:00
Kerkklok	08:40 (verplichtend – skoolklere)
Middagete	12:00
Stilte	12:15-15:00 (almal rustig in kamers)
Aandete	17:30
Aandkerk	18:00 (opsioneel)

Kasinspeksie / kamerinspeksie : Te enige tyd

Openbare vakansiedae: soos Saterdag

TV-TYE: Nie tydens studie, stiltetye en na ligte uit nie.

2. KLEREDRAG

2.1 SKOOLDRAG

2.1.1 SOMER

Eerste en vierde kwartaal - Gr. 12: Matriekdrag

Gr. 8-11:

- Oranje skoolrok, nie korter as 10 cm bokant die knie wanneer sy kniel nie.
- Wit sokkies (sonder strepe) en swart skoolskoene met bandjie oor die brug/geen blommetjies.
- Donkerblou reënjas.
- Wit haarlinte, knippies, bolletjies.

2.1.2 WINTER

- Wit langmou skoolhemp en skooldas.
- Donkerblou springjurk, nie korter as 10 cm bokant die knie wanneer sy kniel nie.
- Lang, swart kouse.
- Donkerblou jas.
- 'n Donkerblou serp.
- Geen juweliersware behalwe KLEIN ooringetjies of KLEIN bolletjies sonder enige versierings.
- Donkerblou haarlinte.
- Die besit van 'n kleurbaadjie is verplichtend. Dogters dra 'n kleurbaadjie wanneer hulle koud kry en wanneer dit baie koud is, ook 'n trui. Niemand dra slegs 'n trui by 'n skoolrok nie.

MIDDAE

2.2.1 SOMER

- a. Donkerblou kortbroek, skoolverwante hemp/T-hemp
- b. Sandale of seilskoene.
- c. Beweeg van en na die swembad volledig geklee.

2.2.2 WINTER

- a. Langbroeke met trui of sweetpak

2.3 SONDAE MOET ALMAL NETJIES GEKLEED WEES

2.3.1 KERKDRAG: Skooldrag

2.3.2 NA KERK: Gewone klere, netjies.

3. UITNAWEKE

3.1.1 Elke kwartaal is daar TWEE verpligte uitnaweke. Alle dogters moet hierdie naweke die koshuis **voor** 15:00 verlaat.

3.1.2 Aankomstye: Sondag: Kantoor open 16:00. Almal moet om 21:00 in wees. Leerders moet vervoerreëlings betyds tref. Leerders wat by busse, vliegtuie, treine, ens. gehaal moet word, moet alreeds teen Donderdagoggend met mev. Reynders die nodige reëlings tref.

Maandae: 06:30-07:30

3.2 Dogters wat vir 'n naweek uitteken:

3.2.1 Teken op Woensdag voor 17:00 die volle besonderhede uit.

3.2.2 Die ouers moet elke Woensdag **VOOR** 17:00 'n faks stuur met toestemming waarheen hulle dogter gaan.

3.2.3 Op Woensdae om 22:00 word die toestemmingsfakse of –briewe van elke dogter gekontroleer. Fakse moet dus betyds gestuur word. Faksnommer – 051 4482525. 'n Epos kan aan die skool se kantoor gestuur word, maar voor 10:00 op die Woensdag – admin@oranjemeisies.co.za.

➤ Dogters wat 'n NAWEEK uit was, moet voor 21:00 die Sondag of Maandagoggend voor 07:30 in die kantoor teruggeteken word. Deure open op 'n Maandagoggend om 06:30.

➤ Die dogter is in volledige skooldrag geklee wanneer sy uitteken en die koshuis verlaat, sowel as wanneer sy op Sondag/Maandag terugkom.

➤ 'n GASOUER is 'n persoon aan wie die ouer eenmalig toestemming verleen om die dogter naweke of Sondag te mag uitteken. Indien 'n persoon se naam, adres en telefoonnommer nie op die lys verskyn nie, moet die ouers skriftelik/per faks voor die WOENSDAG (17:00) wat die uitnodiging voorafgaan, of per epos (admin@oranjemeisies.co.za) voor Woensdag 10:00, hul toestemming verleen.

- 'n RY-OUER is 'n persoon of familielid aan wie die ouers eenmalig (of per brief) toestemming verleen om hul dogter tussen die huis en die koshuis te vervoer.
- Dogters wat per bus/vliegtuig reis, word deur 'n koshuispersoneellid of terreinbestuurder tussen die koshuis en terminus vervoer.

4. AANKOMS- EN VERTREKTYE

4.1 GEWONE NAWEKE

- 4.1.1 VERTREKTYE: Enige tyd tot 19:00 saans (Vrydae), tensy anders gereël met die toesigkrag aan diens. – Dag-uit: Sondag na ontbyt.
- 4.1.2 AANKOMSTY: Sondag: almal moet 21:00 terug wees. Maandag: 06:30 tot 07:30.

4.2 VAKANSIES

- 4.2.1 Vertrektyd: Almal moet vóór 13:00 uit wees.
- 4.2.2 Aankomstye: Dag voor skool begin. Die kantoor open die eerste kwartaal om 08:00 en kwartaal twee tot vier om 14:00. Dit sluit om 21:00.
- 4.2.3 Skooldrag is die dag voordat die skool heropen, verpligtend.

5. STADSBEURTE

- 5.1 Almal mag Vrydagmiddag stad toe gaan.
- 5.2 Dogters moet stap. Geen dogter mag alleen stap nie. Geen dogter ry saam met vreemdelinge wat hulle wil oplaai nie.
- 5.3 Aansoeke moet teen kortpouse by die skoolhoof ingelewer word vir goedkeuring om tydens weeksmiddag stad toe te gaan. 'n Pienk vorm moet voltooi word.

6. BESOEKERS

- 6.1 Maandag tot Sondag: 15:00-17:00.
- 6.2 Besoekers moet netjies gekleed wees en hulle by die kantoor aanmeld.
- 6.3 Dogters gebruik die bankies in die koshuistuin. Geen seunsvriende word in die skoolgebou of motors ontvang nie. Die afsnypunt vir Joostehuisleerders is die ML Spiessaal.
- 6.4 **Geen** besoekers word tydens studietyd ontvang nie.
- 6.5 Geen seuns word ooit in die kamers of by die vensters toegelaat nie.

7. EKSAMENTYD

- 7.1 Gr. 8 & 9-dogters moet elke dag tot 13:00 in die skool wees.
- 7.2 Indien hulle nie eksamen skryf nie (“blokdae”), moet Gr. 10-12 dogters **IN DIE KOSHUIS studeer tot 13:00**. Niemand gaan dus stad toe of lê langs die swembad of besoek Le Quack nie.
- 7.3 EKSAMENSTUDIE IN DIE OGGENDE (BLOK)
08:00 tot 09:30 – Studie
09:30 tot 10:00 – Pouse (teetyd)

10:00 tot 13:00 – Studie

- 7.4 Teken vir die naweek en blokdae in die uittekenlêer uit. Leerders mag gedurende die week slegs na hul ouers gaan.

8. AFSPRAKE, EKSTRAKLASSE, ENS.

- 8.1 Afsprake vir dokters/tandartse word deur die huismoeder / ouers gereël, verkieslik in die namiddae.
- 8.2 Indien ouers 'n afspraak reël, moet die afspraakkaartjies aan die huismoeder besorg word.
- 8.3 Ouers voltooi 'n GROENVORM waarin hulle eenmalig toestemming vra dat dogters EKSTRA KLASSE of ander buitemuurse programme in die stad mag bywoon.
- 8.4 Skriftelike toestemming word benodig indien 'n leerder 'n fiets gebruik (groenvorm).

9. REËLS IN VERBAND MET RYDIENS

- 9.1 Alle ritte moet teen langpouse by die skoolkantoor ingedien word.
- 9.2 'n Persoon hiervoor aangestel, vervoer die Hoërskoolleerders van albei koshuise smiddae tot 20:00 – daarna die toesigkrag aan diens.
- 9.3 Alle voertuie moet te alle tye netjies gelaat word.
- 9.4 Die roete: Eerste Laan, Parkweg, UV, Sentraal/Heuwelsig.
- 9.5 Geen vervoer na die gimnasiums nie.

10. LOSIESGELD EN HUISFOOIE

- 10.1 Losiesgeld is STRENG op die eerste dag van die kwartaal betaalbaar. Tjeks moet uitgemaak word aan “CM Joostekoshuis Bedryfsrekening” of “E le Rouxhuis Bedryfsrekening” en mag nie vooruitgedateer word nie.
- 10.2 Joostehuis: Die rekening word by die hoërskool vereffen.
Le Rouxhuis: Die rekening word by die laerskool vereffen.

11. SIEK LEERDERS

- 11.1 Siek leerders meld om 06:30 by die koshuismoeder aan.
- 11.2 Dogters wat in skooltyd ongesteld raak, moet eers na haar graadvoog by die skool gaan, daarna na mev. Kuntzman by die kantoor. Indien nodig, sal sy/hy die dogter met 'n gestempelde briefie terugstuur koshuis toe. Sy moet dan by die personeellid in die koshuiskantoor aanmeld.

12. REËLS IN VERBAND MET BADKAMERS

- 12.1 Geen sanitêre doekies word in 'n snippermandjie gegooi nie. Draai dit toe en gooi dit in die groot drom in die badkamer.
- 12.2 'n Bad / stort met oopgedraaide krane mag nie alleen gelaat word nie.
- 12.3 As julle wasgoed in seepwater wil week, doen dit dan in jou eie emmer. GEEN wasgoed mag in 'n wasbak gelaat word nie. Draai asseblief alle krane goed toe.

- 12.4 Geen bad / stort mag vuil agtergelaat word nie. Verwyder hare in die afvoergat.
- 12.5 Die enigste elektriese apparaat toelaatbaar is 'n haardroër, 'n strykyster en selfoonlaaier. Dus – GEEN ketel, verwarmers, waaiers, yskaste nie!
- 12.6 Niemand mag gedurende studie, na ligte-uit of gedurende stiltetyd bad/stort nie.
- 12.7 Saans om 22:00 word die badkamer se ligte deur die VRL of toesigkrag afgeskakel.

13. REËLS IN VERBAND MET STUDIE

- 13.1 Alle leerders studeer in die studiesaal, behalwe die volgende :
Gr. 12-leerders bo 55% (nie-eksamen kwartaal); bo 50% (eksamenkwartaal) studeer in hul kamers
Gr. 11 bo 70%, Gr. 10 bo 80%, Gr. 8 & 9 bo 85%
- 13.2 Slegs vakmusiekleerders mag, met toestemming van die skool, in die studietyd oefen.
- 13.3 Alle deure moet gedurende studie **oop** staan.
- 13.4 Gr. 9-12 leerders wat in die kamers studeer, en nie die reëls nakom nie, sal onverwyld studiesaal toe gestuur word.
- 13.5 Geen selfone word tydens studie toegelaat nie.
- 13.6 Geen leerder verduidelik tydens studie werk aan 'n ander nie.
- 13.7 Leerders moet ten volle geklee wees – dus géén slaapklerie nie!
- 13.8 Gr. 9-12 leerders wat in kamers studeer, moet om 20:55 stiptelik in die KANTOOR rapporteer vir die afmerk van die register.

14. REËLS VIR KAMERS

- 14.1 Die name moet op die deur aangebring wees.
- 14.2 Kaste moet te alle tye gesluit wees.
- 14.3 GEEN wasgoed mag in die kamers of vensters hang nie.
- 14.4 Niks mag teen mure vasgeplak word nie. Wondergom, kleeflint (sellotape), ens. is verbode. Slegs haardroërs en strykysters mag by muurproppe gebruik word. GEEN elektriese koord is toelaatbaar nie.
- 14.5 Radio's moet te alle tye so sag speel dat dit niemand anders hinder nie. Sluit dit toe.
- 14.6 Na ligte-uit word alle radio's afgeskakel, of so nie word dit deur die toesigkrag ingeneem.
- 14.7 Die toesigkrag, huismoeder of koshuismatrone mag te enige tyd kasinspeksie doen.
- 14.8 Kamermaats moet toesien dat die kamer netjies en skoon gehou word.
- 14.9 Alle vullis word in die snippermandjie gegooi. Die werkers verwyder dit daagliks. Die leerders bly verantwoordelik vir die algemene netheid van die kamer (lessenaar/boekrak/vensterbank), al word die kamers deur die werkers skoongemaak.
- 14.10 Soggens voor stiltetyd moet alle beddens netjies opgemaak wees.
- 14.11 Om 06:25 moet elke kamer gereed wees vir inspeksie. Niks mag bo-op kaste, onder beddens, op die vloer of in die vensterbanke gebêre word nie.
- 14.12 **BEDDENS MOET TE ALLE TYE NETJIES WEES.**
- 14.13 Niemand mag op 'n onoorgetrekte bed of in 'n slaapsak slaap nie.

- 14.14 Leerders voorsien eie beddegoed.
- 14.15 Eie verekomberse / duvets / tafeldoeke word toegelaat. Die koshuis voorsien die gordyne.
- 14.16 Alle ruite wat breek, word deur die verantwoordelike kosgangers self betaal.
- 14.17 Niemand mag in vensterbanke sit of enigiets by die vensters uitgooi nie.
- 14.18 Na aandete moet alle gordyne toegetrek wees.
- 14.19 Elke dogter sal 'n inventaris vir haar kamer teken. Daarmee aanvaar sy verantwoordelikheid vir haar kamer. Alle skade sal van haar verhaal word.

15. ALGEMENE KOSHUISREËLS

- 15.1 **Geen** dogters mag die koshuisterrein verlaat sonder die toestemming van die koshuisouers of 'n pienk brief nie.

Die volgende reëls geld:

- 15.1.1 Daar is 'n pienkvorm beskikbaar wat die dogters sal toelaat om die terrein weksdae tussen 14:00 en 18:00 te verlaat. Die vorm sal deur die skoolhoof en die koshuisouers gekontroleer word.
- 15.1.2 Op die groenvorm gee u toestemming vir gereelde besoek aan die gimnasium of vir atletiekoefeninge elders in die stad.
- 15.1.3 Indien 'n onderwyseres 'n groep dogters saans iewers heen wil neem, sal sy self 'n vorm voltooi en verantwoordelikheid vir die groep aanvaar.
- 15.1.4 Indien 'n dogter van Maandag tot Donderdag dringend vir privaatsake in die aand iewers moet wees, sal sodanige toestemming alleenlik verleen word, indien die skool 'n faks of 'n e-pos van die ouers ontvang voor 12:00 op die betrokke dag. Die koshuis se **Faksnommer is 4482525**. Die skool se **eposadres** is admin@oranjemeisies.co.za. Geen telefoonoproepe is aanvaarbaar nie, aangesien ongerymdhede kan plaasvind.
- 15.1.5 **GEEN** dogter word toegelaat om in die week uit te slaap nie, tensy dit by haar ouers is.
- 15.1.6 Gedurende naweke sal die dogters toegelaat word om die terrein te verlaat saam met gasouers wat hulle uitgeteken het.
- 15.2 Almal teken uit by die personeellid aan diens in die kantoor.
- 15.3 Soggens word die kantoor deur mej. Chicken van Rensburg beman (07:00 – 14:00).
- 15.4 Geen dogter mag sonder die toestemming van die departementshoof gedurende periodes na die koshuis gaan nie. Dogters mag pouse by die koshuis gaan tee drink, maar mag nie na die slaapkamers gaan nie.
- 15.5 Niemand gaan slaap in 'n ander kamer sonder toestemming van die koshuismoeder nie.
- 15.6 Die 15 minute stiltetyd soggens en saans bring elkeen in **STILTE** deur. Soggens moet die kamerdeur oop wees vir inspeksie.
- 15.7 Leerders moet bedagsaam wees teenoor volwassenes, maats en koshuiswerkers. Geen leerder gee aan koshuiswerkers opdragte nie.

16. REËLS IN DIE EETSAAL

- 16.1 Sodra die etensklok lui, tree alle leerders in die eetsaal aan.
- 16.2 Geen luidrugtigheid sal in die eetsaal geduld word nie.

- 16.3 Leerders **moet** ontbyt bywoon; ander etes soos gereël.
- 16.4 Tafelhoofde rapporteer na elke ontbyt wie aan haar tafel afwesig was. Tafelhoofde is ook verantwoordelik vir die orde en dissipline aan haar tafel. Sy moet toesien dat die dogters eet.
- 16.5 Indien leerders laat sou opdaag, is dit hoflik om verskoning te vra.
- 16.6 Dogters wat 'n naweek in die koshuis inbly, **MOET** tydens alle etes in die eetsaal wees.
- 16.7 Dogters moet ten volle geklee wees – dus: met skoene/geen slaapklerie nie.

17. MEDISYNE

Elke dogter moet voorsorg tref vir haar eie medisyne, soos bv. rekverband, kleefpleister, hoofpynpille, anti-allergiepille en watte.

18. ANDER

Bring gerus 'n koffiebeker, skoonmaakmiddels, wasgoedpennetjies (gemerk), Bybel, kombes en 'n hangslot.

19. SAKGELD

U word aangeraai om vir u dogter 'n bankkaart aan te skaf. Hulle mag Vrydae in hulle volledige skooldrag stad toe gaan. Sy moet asseblief nie groot bedrae geld by haar in die kamer bêre nie. Sluit dit by die koshuisouers toe.

20. REËLS I.V.M. TELEVISIE KYK

Die ontspanningslokaal moet te alle tye netjies wees. Die VRL moet toesien dat alle ligte in die ontspanningslokaal, voorportaal, ens. om 22:00 in die week en 23:00 Saterdag afgeskakel is.

Sondagmiddae mag die leerders gedurende die middagstilte wel televisie kyk. Wees asseblief bedagsaam. Die afstandbeheer van die televisie word in die kantoor toegesluit en kan by die persoon aan diens afgehaal word.

21. DIE BESTUURSLIGGAAM BEKLEMT ON DIE ERNS VAN DIE VOLGENDE OORTREDINGS:

- die gebruik van enige alkoholiese drank.
- die rook van sigarette of enige verwante middel
- die wegglip van die skool of koshuis sonder toestemming.
- die besoek van ongemagtigde vriende in die koshuis.
- ongerymdhede met selfone.

Om in die belang van ons skool/koshuis op te tree, kan dogters wat hulle skuldig maak aan bogenoemde oortredings gevra word om die skool/koshuis summier te verlaat.

Die koshuisouers het die volgende lysie saamgestel waarna u gerus kan kyk:

- Toiletbenodigdhede, badprop, handdoek, slaapklere, kamerjas.
- Skoenpolitoer en borsel, wasgoedsak.
- Sportklere, seilskoene, raket, bal.
- Ontspanningsdrag vir middag na skool, plakkies, swembroek en swemhanddoek.
- Skoolklere: Die aantal rokke word deur die uitgaannaweke bepaal. Raadpleeg asseblief die skoolreëls voor die aankope! Let wel dat skooltruie nie sonder 'n skoolbaadjie gedra mag word nie. Gedurende kouer dae word die skoolbaadjie gedra.
- Beddegoed en kussing: Daar is gordyne voor die venster. Dit mag nie afgehaal word nie.
- Sakgeld! Die koshuisouers kan dit in veilige bewaring hou.
- 'n Hangslot: Een sleutel by jou en een by die koshuisouers.
- Koffiebeker, strykyster, radio wat met batterye werk (geen verlengkoorde word toegelaat nie).
- Bybel, Bybeldagboek.
- Netjiese klere vir Sondae.
- Kerklere: Skoolklere.

ALGEMEEN

- Indien 'n waentjie gedurende die week by die skool gelaat word, moet met die terreinbestuurder gesels word oor waar dit gelaat kan word.
- Maak seker dat die leerders korrek uitgeteken en teruggeteken word.
- Leerders wat gedurende die week na gasouers wil gaan, moet 'n pienkvorm by die kantoor invul en 'n toestemmingsbrief of faks van hulle ouers aanheg. Géén leerder mag egter oorslaap nie.
- Geen leerder mag 'n ander leerder se fiets leen nie. Die leerders wat fietse het, moet 'n verlofvorm invul. Die vorm is by die skool se kantoor beskikbaar.
- Daar word streng opgetree teen leerders wat nie etes bywoon nie!
- Diefstal kom periodiek voor. In 90 % van die gevalle wat aangemeld word, het die leerders nie hul kaste gesluit nie. Ons kan nie verantwoordelikheid vir sulke agterloosigheid aanvaar nie. Geen leerder moet haar slot se kode of sleutel vir 'n ander leerder gee nie.
- Leerders wat motors en motorfietse het, mag nie 'n ander leerder daarmee vervoer nie. Leerders met motors moet skriftelik by die skoolhoof daarvoor aansoek doen.
- Besoektyd by die koshuis, behalwe waar daar toestemming gegee word, is tussen 15:00 en 17:30. Ouers mag hulle kinders enige tyd besoek. Moenie u Graad 8-dogter ná studie saans bel nie. Dan is sy moeg, geïrriteerd en lus om by die huis te wees. Dit bemoeilik die aanpassing!
- Leerders wat die naweek inbly, moet die oggenddiens bywoon.

Ons probeer 'n huislike atmosfeer in die koshuis skep. Dit kan net gebeur,

indien almal hulle samewerking gee!

KOSHUISOUERS

LEERDERS WAT DIE SKOOL GEDURENDE SKOOLTYD VERLAAT:

- Slegs die Departementshoof mag toestemming verleen.
- Dan stap die leerder na die Kantoor.
- Kry 'n stempel op die briefie.
- Die sekretaresse skakel die ouers of die koshuis (sê vir die ouer hek 3 sal oop wees en die dogter kan by die kantoor gehaal word) terwyl die dogter voor haar staan.
- Alleen met hierdie gestempelde brief mag 'n dagskolier saam met haar ouers die terrein by Harry Smithstraat 3 verlaat. Hans (Sekuriteitswag) sal die hek oopmaak.
- Die koshuisleerder stap koshuis toe en gee die briefie aan die koshuismonitor.
- Sodra die leerder by die koshuis aankom, moet die koshuispersoneel bel om te sê dat die Koshuisleerder daar aangekom het.

TOEGANG TOT DIE KOSHUIS

Die koshuis word om veiligheidsredes elke oggend gesluit. Die koshuismonitor beman die kantoor van 07:00 – 14:00. Lui die klokke om haar aandag te trek. Geen personeelid mag aan enige leerder toestemming verleen om vergete huiswerk in die koshuis te gaan haal nie. Daar vind diefstal plaas, leerders draai stokkies en dit alles met ons toestemming.

DOKTERSBESEOKE VAN KOSHUISLEERDERS

Slegs briewe geskryf deur mnr. Theart, 'n departementshoof en mej. C Marais sal leerders toestemming gee om na die koshuismonitor te gaan wat dan die siek leerder gedurende die skooldag na die dokter sal neem.

Die koshuis word weer om 13:45 OOPGESLUIT.

MAANDAGOGGEND

Die skool begin spesiaal 15 minute later om die koshuisouers tegemoet te kom. Daar sal om 7:45 'n registerperiode by die skool gehou word. Hier sal die presensielys gekontroleer word.

Die afwesiges se name word na die Departementshoof deurgegee wat die ouers sal skakel.

Te veel koshuisdogters lê op 'n Maandag in die koshuis, terwyl die ouer dink sy is afgelaai en die personeel dink sy is nog nie terug van die ouerhuis nie.

GEEN OUER SAL TOEGELAAT WORD OM GEDURENDE SKOOLURE NA HULLE DOGTER SE KAMER TE GAAN NIE. DAAR IS MENSE WAT HULLE VOORDOEN AS OUIERS EN SODOENDE VIND DIEFSTAL PLAAS.

